

BOEREKRYGSGEVANGENES VAN BERMUDA

Dr. C.A.R. Schulenburg
Pretoria

I

Gestorwe ter See

In hierdie eerste aflewering in 'n reeks van twee oor die Boerekrygsgevangenes van Bermuda val die soeklig op diegene wat ter see onderweg na Bermuda gesterf het. In 'n tweedē aflewering in die volgende uitgawe van *Historia* (Mei 1979) word in besonderhede getree oor die Boerekrygsgevangenes wat op Bermuda oorlede is en daar begrawe lê. As agtergrond tot hierdie eerste artikel word een en ander vertel van die transportskepe wat na Bermuda gevaar het, hul vragte en die ondervindinge van sommige aan boord.

Nadat dit tydens die Anglo-Boereoorlog vir die Engelse duidelik geword het dat hulle hier ten lande met 'n groter wordende getal krygsgevangenes opgeskeep sit, is daar oorgegaan tot die verskeping van duisende van hulle na Britse kolonies soos Indië, Ceylon, St. Helena en Bermuda. (Boere wat na Mosambiek gevlug het, is na Portugal verskeep.)

Die gevangenes wat na Bermuda sou gaan, is uit Durban en Kaapstad verskeep. Alle skepe, buiten die *Armenian*, het uit Durban vertrek en het Kaapstad aangedoen. Die *Armenian* het uit Kaapstad vertrek nadat hy gevangenes aan boord geneem het wat met die *Hawarden Castle* van Durban gekom het.

Die volgende skepe was betrokke: Die *Armenian* vertrek op 30 Mei 1901 uit Kaapstad¹ nadat dit gevangenes uit Durban van die *Hawarden Castle* af oorgeneem het en arriveer op 28 Junie 1901 met 963 aan boord te Bermuda.² Die *Ranee* vertrek op 15 Junie 1901 uit Durban³ en arriveer op 19 Julie 1901 met 518 aan boord te Bermuda.⁴ Die *Manila Castle* vertrek op 4 Julie 1901 uit Durban⁵ en arriveer op 1 Augustus 1901 met 607 aan boord te Bermuda.⁶ Die *Montrose* vertrek op 12 Augustus 1901 uit Durban⁷ en arriveer op 13 September 1901 met 932 aan boord te Bermuda.⁸ Die *Harlech Castle* vertrek op 15 November 1901 uit Durban⁹ en arriveer op 20 Desember

1. A.C. Schulenburg, Staatsargief, Pretoria, A1047.
2. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, 1962, verw. 28.
3. *Natal Mercury*, 17 Junie 1901.
4. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, 1962, verw. 28.
5. *Natal Mercury*, 5 Julie 1901.
6. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, 1962, verw. 28.
7. *Cape Times*, 14 Augustus 1901.
8. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, 1962, verw. 28.
9. Register, "Natal Harbour Board" (Argief, Pietermaritzburg, brief, verw. 16/5/5/24).

1901 met 340 aan boord te Bermuda.¹⁰ Die *Montrose* verlaat Durban vir die tweede keer op 17 Desember¹¹ en arriveer op 17 Januarie 1902 te Bermuda, hierdie keer met 1 259 gevangenes aan boord.¹²

Volgens Benbow¹³ is dit onseker of die totale aantal gevangenes van 4 619 dié was wat geland het, of dié wat verwag was; indien dit die verwagte aantal was en 34 het aan boord gesterf (kyk later), dan het 4 585 op Bermuda aangekom.



Boerekrygsgevangenes aan boord van die Montrose

10. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, 1962, verw. 28.
11. *Ibid*, verw. 26.
12. *Ibid.*, verw. 28.
13. *Ibid.*, verw. 28.

Vir die meeste van die Boere was die eerste gesig van die see en van 'n skip 'n nuwigheid. Wat hulle nie te wagte was nie, was die see-naarheid aan boord; nie alleen het die skip op die golwe gedobber nie, maar die manne moes in hangmatte slaap! Die skommeling van die labirint in die binne-oor moes iets ontsettends gewees het! Etlike dagboekskrywers praat van “kalwers jaagen”, “ossens inspannen”, “veel grappen” en van die oubase met groot baarde wat seesiek was, “dit was iets vreesliks om te aanskou”! Sommige het nogal hul humorsin behou en verskeie verse is geskryf, soos dié een wat in Gideon J. van Riet¹⁴ se dagboek voorkom:

(Blykbaar praat die pa met sy seun)

HY WAS ZEEZIEK

Ach Jannie! Ik voel alte naar,
 My tyd is nou gekom.
 Ik zal nooit weer moet vlug of trap
 Voor Metford koeël of bom.
 Die schip die schommel al te veel,
 Hy wil my nie rust gee,
 Myn breakfast en myn dinner is
 Al langal in die zee.
 En morge gaat ik ook daarheen
 In zakke togedraai,
 Met yzers aan myn voete rast
 Als voedsel voor een haai.
 Jij moet tog aan jou mamma zè
 Hoe zwaar ik het gekry
 en hoe ik voor myn land en volk
 Tog bitter het gely.
 Die plaats die laat ik aan jou oor,
 die vee die is voor Piet.
 Ten minste als die Engelsche
 Hem nie dood het geschiet.
 Die katels en die groot muziek
 moet Annie voor haar hou.
 Zy zal die goed mos nodig kry
 Als zy een dag gaan trouw.
 En Jannie zeg tog aan jou ma
 die lepels en die geld,
 Het ik begrawe agter die kraal
 Daar in die ou weiveld.
 En Jannie ag! beloof my tog
 Jy zal jou Pa onthou
 En nou te slotte nog een woord:
BRENG TOG DIE EMMER GOU!

En dan nog een uit die dagboek van B.J. van Biljon.¹⁵

1. In Groenpunt het ons een jaar gebly
en ver brood schiemann gekry
van semels gemaak, met die voet gestamp
zo was ons leven in die kamp.

Koor:

Wie ze maag kan dit nou houden
Ja zeg jij dit ver my.

2. Ons het mos tyding gekrij
dat ons allen schip gaan rij
Die schip is als een ware tronk
en hy maak jou ook vreeslijk dronk.

Koor:

Wie ze kop kan dit nou houden
Ja zeg jij dit ver mij.

3. Di schip rij wip en rol en woel
Ons kryg nou net een naar gevoel
Ons is nou dronk ons kannie staan
Dit smaak die wêreld wil vergaan.

Koor:

Wat zal nog van ons worden,
Ja zeg jij dit ver mij.

Uit die dagboek van A.C. Schulenburg¹⁶ kry ons 'n beeld van die soort lewe aan boord van 'n krygsgevangene-transport (in sy geval die *Armenian*). Daar was 'n dokter aan boord en almal is ondersoek, want daar het 'n moontlikheid bestaan dat builepes kon uitbreek. Al die komberse en matte onder in die skip was besmet met weeluse. Die kos was oor die algemeen sleg.

Wat moes deur die goedere van dié manne gegaan het terwyl hulle van hulle vaderland wegseil? Schulenburg skryf: "Hoe lank zullen wij op die blaauwe zee rondzwerven? Hoe lang kan de oorlog nog aanhouden? Oh lieve ouders steeds denk ik om U, steeds bid ek voor U, nooit kan ik U uit myne gedachten laten gaan ... ik leef alleenlijk op groot vertrouwen op onzen God, hij zal ons weer eendag tezamen brengen!"

Gelukkig was daar 'n biblioteek aan boord en dié wat wou, kon na hartelus lees. Proponent Postma van Pretoria was op die skip en het Sondae godsdiensoefening gehou. Verder is dambord en skaak gespeel, maar daar was geen ander fasiliteite vir bv. sport of ander tydverdryf nie — en die skepe was gewoonlik stampvol. Die dokter het

15. *Ibid.*, Dagboek No. 3543.

16. A.C. Schulenburg, Staatsargief, Pretoria, A1047.



'n Boerekrygsgevangene onderweg na Bermuda oorlede word in die see gedompel

één middel gehad vir alle kwale — “No. 9”-pille. (Baie sterk purgeermiddel) Ook aan boord was 'n man wat kon tatoeër — hy het baie kliënte gehad. Sommige het handewerkies gedoen, soos dasse, serpe, borsspelde, ringe ens. vervaardig uit enige materiaal wat hulle in die hande kon kry. Op die skip was Hollanders en ander uitlanders wat saam met die Boere geveg het en gevang is. 'n Komplot is in die geheim gesmee om die skip naby die Azore-eilande te skaak en na Portugal te vaar. Die plan het egter verongeluk deur verraad en almal wat daarby betrokke was, is in die skeepstronk opgesluit tot by die aankoms by Bermuda.

Op die veertiende dag word land bespeur en dit blyk St. Vincent te wees, van die Kaap Verde-groep. Hier word steenkool ingeskeep. Die heimwee word erger: “Slaap gerust, mijne geliefden die verre van mij zijt en denkt aan mij even als ik thans aan U gedenk, Moge er tog een einde aan deze ellende komen.” 'n Skeepskonsert het ook nie ontbreek nie: “Hedenavond gaven de Khakees een soort van concert op dek; het was echter niets bijzonders, meest laffiteit!”

Op Bermuda aangekom, was dit snikkend warm en die manne moes nog 'n dag of twee aan boord bly in “Grassy Bay” voordat hulle kon afstap. Elke dag het 'n me-

nigte bootjies van die hoofeiland gekom met toeskouers, mans en dames met kameras; almal was nuuskierig om te kyk wat die skepe gebring het. “De Bermudezen komen nog voortdurend naar ons staaren alsof wy menscheneters waren, die thans agter tralies gehokt waren en niet gevaarlijk!”

G.J. van Riet¹⁷ was aan boord van die *Montrose* met die tweede en laaste reis van die skip. Hy beklemtoon, soos Schulenburg, die slegte kos, die weeluisse, die ondraaglike hitte in die ruime met mans gepak en die ongenadige verlange na huis en familie.

Daar is geen rekord in die argieflyste gevind van sterfgevallen aan boord van die *Armenian* nie. Op al die ander skepe het gevangenes gesterf, en hier volg die volledige lys, met, in volgorde, die krygsgevangenes, naam, ouderdom, adres in S.A., oorsaak van dood, en sterfdatum.

Sterfgevallen ter see onderweg na Bermuda¹⁸

Op die *Armenian*

Geen sterfgevallen aangeteken nie.

Op die *Harlech Castle*

2 sterfgevallen:

1. 24744 De Haas, Barend Johannes, 32, Kleinfontein, Middelburg, longontsteking, 14.12.01.
2. 24847 De Kock, Johannes Harm, 28, Dwaalfontein, Burgersdorp, masels, 5.12.01.

Op die *Manila Castle*

2 sterfgevallen:

3. 20435 Strauss, Abraham Frederick, 22, Tafelkop, Fauresmith, griep, 29.7.01.
4. 20450 Stulting, Christiaan, Waterkloof, Philippolis, longontsteking, 21.7.01. (In stuk SO/POW 2636, Staatsargief, Pretoria, verskyn Stulting se sterfdatum as 31.7.01. Op die gedenkteken te Bermuda is die datum 21.7.01. In 'n dagboek¹⁹ meld die skrywer dat ene “Abraham Struiss van O.V.S.” op die skip oorlede is op 29.7.01 en op 31.7.01 “is weer een dood”, maar hy noem sy naam nie. Dit moes Stulting gewees het.)

Op die *Ranee*

2 sterfgevallen:

5. 20599 De Villiers, Johannes Carl, 22, Eerstegeluk, Heilbron, akute buikvliesontsteking, 11.6.01.
(Die *Ranee* moet op 11.6.01 in die Durbanse hawe gewees het, daar dit eers op 15 Junie vertrek het. Alhoewel De Villiers inderdaad aan boord gesterf het, is hy

17. Gideon J. van Riet, Oorlogsmuseum, BLoemfontein, Dagboek 38.

18. Staatsargief, Pretoria, SO/POW 84; SO/POW PR/A 3113; SO/POW PR/A 2636; Raad vir Oorlogsgrafte, Pretoria; Publieke Werkedepartement, Pretoria, lêer 13/1/7.

19. In die Africana-museum, Johannesburg, outeur onbekend.

moontlik tog op land begrawe, en dit is dus 'n kwessie van keuse of hy in die lys van "gestorwenes ter see onderweg na Bermuda" ingesluit moet word.)

6. 19872 Kies, Jan Daniel, 56, Kraaiboskuil, Wolmaransstad, longontsteking, 21.7.01.

(Op die gedenknaald te Bermuda verskyn Kies se sterfdatum as 21.6.01. Die *Ranee* het op 19 Julie te Bermuda aangekom.)

Op die *Montrose* (eerste reis)

23 sterfgevalle:

7. 20720 Barnard, Jan Hendrik, 40, De Put, Kroonstad, longontsteking, 23.8.01 (of 24.8.01).
8. 20732 De Beer, Joseph Johannes, 42, Willemsdoorn, Nylstroom, longontsteking, 29.8.01.
9. 21348 Du Preez, Barend Petrus, 54, Lydenburg, longontsteking, 26.8.01 (of 28.8.01).
10. 19719 Geldenhuis, Pieter Jacobus, 64, Boschhoek, Potchefstroom, swakheid ("debility"), 12.9.01.
11. 21070 Jacobs, Daniel Piet, 58, Hooitretjefontein (sic), Potchefstroom, longontsteking, 31.8.01.
12. 19854 Jooste, Johannes, 56, Fordsburg, Johannesburg, longontsteking, 21.8.01.
13. 21091 Kleinsmit, Hendrik Petrus Geldenhuys, 26, Krugersdorp, rugmurgvliesontsteking, 1.9.01.
14. 19926 Labuschagne, Johannes, 52, Ficksburg, longontsteking, 22.8.01.
15. 18872 Loggenberg, Willem Cornelius, 64, Pretoria, prostatitis, 9.9.01.
16. 21317 Pelser, Abraham Jacobus, 63, Elandsfontein, Waterberg, longontsteking, 19.8.01.
17. 21354 Pretorius, Stephanus Gerhardus, 24, Bultfontein, Kroonstad, lugpypontsteking, 16.8.01.
18. 21456 Smit, Nicholas Andries, 19, Zyferfontein, Zeerust, rugmurgvliesontsteking, 1.9.01.
19. 21474 Spangenberg, David Frederick, 61, adres onbekend, lugpypontsteking, 19.8.01.
20. 21505 Streicher, Petrus Emilius, 53, Grasdal, Ermelo, longontsteking, 16.8.01.
21. 20439 Stroebel, George, 30, Riethoop, Pietersburg, longontsteking, 14.8.01 (of 13.8.01).
22. 21517 Swanepoel, Gert Johannes, 28, Braamfontein, Johannesburg, longontsteking, 10.9.01.
23. 21615 Van der Walt, Christian Jacobus, 28, Nylsoog, Waterberg, longtering, 30.8.01.
24. 21270 Van Niekerk, Jacobus Gustavus, 53, Brakpan, Wolmaransstad, longontsteking, 26.8.01.
(Hierdie datum word in die argieflyste aangegee as 26.10.01; dit moet 'n drukfout wees, daar die *Montrose* op 13.9.01 te Bermuda aangekom het.)
25. 21598 Van Vuuren, Lucas Gerhardus Johannes, 38, Nooitgedacht, Pretoria, longontsteking, 26.8.01.
26. 21601 Van Vuuren, Rudolph Johannes Jansen, 19, Bankfontein, Middelburg,

- luggypontsteking, 10.9.01.
27. 21657 Van Wyk, Johannes, 26, Violet, Bethlehem, longontsteking, 17.8.01.
28. 21659 Van Wyk, Paul Bester, 26, Kalkwal, Bloemfontein, rugmurgvliesontsteking, 20.8.01.
29. 20563 Vermaak, Petrus Johannes, 58, Wemmershoek, Lydenburg, longontsteking, 17.8.01.

Op die *Montrose* (tweede reis)

5 sterfgevälle:

30. 25572 Britz, Jan Johannes Rudolph, 20, Britzheuvel, Boshoff, masels, 1.1.02.
31. 25647 Dippenaar (of Dieppenaar), Petrus Johannes, 45, Stillewoning, Smithfield, masels, 3.1.02.
32. 26183 Du Plessis, F. Willem Jacobus, 42, Rustenburg, longontsteking, 4.1.02.
33. 25927 Kruger, Jan Sarel Martinus, 18, Vaalbank, Bethulie, masels, 5.1.02.
34. 26325 Sampson, Charles Abraham, 14, Zuikerboschfontein, Waterberg, tering, 15.1.02.

Die oorsake van dood was as volg:

| | |
|--|---------------|
| Longontsteking (pneumonie) | 18 gevalle |
| Masels | 4 " |
| Rugmurgvliesontsteking (meningitis) | 3 " |
| Luggypontsteking (akute brongitis). | 3 " |
| Griep, peritomyitis, prostatitis | 3 (1 van elk) |
| Tering, longtering, swakheid | 3 (1 van elk) |
| Totaal | 34 gevalle |

Dit is duidelik dat akute infeksies die oorgrote meerderheid sterfgevälle veroorsaak het (91%). Die grootste enkele doodsoorsaak was akute longontsteking (52,9%).

Alle persone wat ter see gesterf het, is in die see gedompel. Alhoewel hulle name nêrens op 'n gedenkteken verewig is nie (skrywer meen dat dit nodig is om hierdie manne op dié wyse te vereer), vind ons tog dat die name van J.D. Kies, A.F. Strauss en C. Stulting op die gedenknaald in die Boerekrygsgevangene-begraafplaas op Longeiland te Bermuda gegraveer is. Nog 'n naam op dieselfde gedenkteken wat bespreking verg, is dié van Gert Vermaak, sterfdatum 19.8.01. In twee argiefstukke²⁰ word gevind dat Gert Vermaak, ouderdom onbekend, van Umkosi, Vryheid, was, en dat hy op 19.8.01 gesterf het. In 'n kerkregister²¹ is daar wel 'n "Cornelius Johannes Gerhardus Vermaak, 47, Sweethome, Vryheid, *gestorven op zee*". Die *Montrose* was inderdaad op see op hierdie datum, maar hierdie Vermaak se naam verskyn nie op offisiële lyste nie.

(word vervolg)

20. Office of the Colonial Secretary, Bermuda, File 3268; Staatsargief, Pretoria, R.S.-reeks: "Lysten van overleden krygsgevangenen, 1899-1902".

21. N.G. Kerk-argief, Pretoria, "Oorlogstatistiek".